# ONWRIKBAAR



Die boek van Daniël is basies in twee dele opgedeel.  Die eerste 6 hoofstukke gaan oor Daniël se lewe in kronologiese orde.

Die tweede gedeelte is ‘n nie-kronologiese bylas waarin Daniël sy eie visioene en openbarings deel.

Dit begin met visioene in Daniël 7 & 8 wat soortgelyk is aan Nebukadnesar se droom in Daniël 2 van ‘n standbeeld wat die verskillende wêreldordes en magte uitbeeld.  Een van die verskille is dat hierdie laaste visioene meer gemik is op die Joodse volk en wat dit vir God se volk beteken.  Dis ook hoekom die eerste gedeelte van Daniël in Aramees (vir die nasies) geskryf was en die tweede gedeelte in Hebreeus (vir die volk).



Nadat Daniël hierdie ontstellende visioene en openbarings gekry het, was hy siek, ontsteld, naar en het vir niemand daarvan vertel nie.

Die ontsteltenis het hom egter gedryf NA GOD TOE.

Lees **Daniël 9:1-9** en **17-27** saam.

*Wat lees jy van dinge wat nog moet gebeur?*

*Wat staan vir jou uit van Daniël se gebed?*

*Wat staan vir jou uit van God?*



# DANIËL 9:1-9; 17-27

DANIËL SE GEBED

'Dit was in die eerste regeringsjaar van Darius seun van Ahasveros. Hy was van geboorte 'n Mediër maar het koning geword oor die Galdese ryk. In sy eerste regeringsjaar het ek, Daniël, uit die Skrifte vasgestel dat volgens die woord van die Here wat tot die profeet Jeremia gekom het, Jerusalem sewentig volle jare 'n puinhoop sou wees. **Daarom het ek my na die Here God gewend in gebed en smeking: ek het gevas, rouklere aangetrek en as oor my kop gegooi. Ek het tot die Here my God gebid en bely: "Ag, Here, groot en ontsagwekkende God, U handhaaf u verbond en u trou teenoor dié wat vir U liefhet en u gebooie gehoorsaam**. Ons het gesondig, ons het oortree, ons het verkeerde dinge gedoen, ons was opstandig en het nie gelewe volgens u gebooie en u bepalings nie. Ons het nie geluister na u dienaars die profete nie, wat in u Naam ons konings, ons leiers, ons familiehoofde en die hele bevolking aangespreek het. U is regverdig, Here. Dit is onsself wat hierdie ellende oor ons gebring het, oor die mense van Juda, oor die inwoners van Jerusalem, oor die hele Israel, dié wat naby is sowel as dié wat ver is, ver in al die lande waarheen U hulle verstrooi het oor hulle ontrou teenoor U. Here, hierdie ellende het oor ons, oor ons konings, oor ons leiers en oor ons familiehoofde gekom omdat ons teen U gesondig het. Maar U, Here ons God, bewys barmhartigheid en U vergewe, al was ons opstandig teen U. '

'Ter wille van Uself, hoor tog my gebed en smeking, en verskyn tog tot redding van u verwoeste heiligdom. Luister tog, my God! Hoor ons tog! Sien tog ons verlatenheid raak, en dié van die stad waaroor u Naam uitgeroep is. Ons pleit by U om ontferming, nie omdat ons regverdig is nie, maar op grond van u groot barmhartigheid. Hoor, Here! Vergewe, Here! Gee tog ag op ons en tree op! Ter wille van Uself, moenie talm nie, my God. U Naam is oor u stad en oor u volk uitgeroep." **Terwyl ek nog praat en bid en my sonde en die sonde van my volk Israel bely en by die Here my God pleit vir sy heilige berg, terwyl ek nog so aan die bid was, het Gabriël, die man wat ek die vorige keer in die visioen gesien het, by my aangevlieg gekom**. Dit was die tyd van die aandoffer. Hy het my kom inlig en vir my gesê: "Daniël, ek het gekom om jou deeglik in te lig. Toe jy met jou smeekgebed begin het, is daar 'n antwoord gegee, en ek het gekom om dit vir jou te vertel, want God het jou lief. Gee dus ag op wat ek sê, sodat jy die visioen kan verstaan. Daar is sewentig tydperke vir jou volk en vir jou heilige stad vasgestel. In dié tyd sal daar aan die goddeloosheid en die sondes 'n einde gemaak word en sal daar versoening gedoen word vir die oortredinge

Dit is die tyd waarin 'n blywende geregtigheid tot stand gebring sal word, waarin die profesie en die visioen tot vervulling sal kom en die tempel heringewy sal word. Jy moet nou goed verstaan, vandat die opdrag gegee is dat Jerusalem herstel en herbou moet word, totdat 'n regeerder kom wat deur God uitverkies is, sal sewe tydperke wees. Twee en sestig tydperke lank sal Jerusalem opgebou bly, met strate en verdedigingslote, maar dit sal moeilike tye wees. Aan die einde van die twee en sestig tydperke sal 'n regeerder onskuldig doodgemaak word. Die stad en die heiligdom sal verwoes word deur die volk van 'n ander regeerder wat op die toneel sal verskyn. Die einde sal kom soos 'n oorstroming; daar sal oorlog wees tot die einde toe, rampe soos besluit is. Dié regeerder sal vir een tydperk 'n vaste ooreenkoms aangaan met die vooraanstaandes en teen die helfte van dié tydperk sal hy die diereoffers en die graanoffers afskaf. Hy sal op die een hoek van die tempel 'n ding sit wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, en dit sal daar staan tot alles verby is. Dan sal oor dié regeerder wat soveel verwoesting aangerig het, losbars wat oor hom besluit is."'


Daniël draai NA GOD TOE in sy ontsteltenis.  Sy emosies en vrae lei hom na die Geskrifte (die Wet en Profete op daardie stadium) waar Hy God se waarheid en karakter opnuut ontdek.  Die Skrif lei hom na gebed en vas. En dan, in sy smeekgebed, bring Gabriël vir hom die lig.

Kyk na hierdie siklus/ patroon op die volgende bladsy.

*Wat beteken dit vir ons alledaagse lewe en die manier waarop ons krisisse hanteer?*

*In moeilike tye, dryf jy weg van God en gelowiges, die kerk… vries, kruip weg?*


*Hoekom gaan ons nie meer na God toe nie, hoekom is dit soms die laaste uitweg?*


ONTSTELD
SKRIF
GEBED
LIG

Die engel Gabriël kom vinnig wanneer Daniël tot God nader in smeekgebed – om lig te bring.

Gebed is ‘n manier om God se beloftes te laat realiseer in ons eie lewe en in die wêreld. Gebed sluit God se planne en beloftes oop en bring dit nader aan ons. God is naby – maar jy moet tot Hom nader.

Daniël lees uit Jeremia (wat tydens sy kinderjare ‘n profeet vir die Jode was). In Jeremia 25 en 29 word die sewentig jaar ballingskap en val van Babilon voorspel. **Lees Jeremia 29:10-14**




# JEREMIA 29:10-14

'So sê die Here: Oor presies sewentig jaar sal Ek Babel straf en julle onder my sorg neem en dan sal Ek my belofte nakom om julle hier na Jerusalem toe terug te bring. Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al die plekke af waarheen Ek julle verstrooi het, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het. '

*Wat staan vir jou uit van God se karakter in Jeremia?*

*Wat vra God van ons in hierdie teksgedeelte?*

Daniël lees nie net van die verloop van geskiedenis nie, hy lees ook van:

- God se karakter van liefde, trou, meegevoel en genade
- Opregte belydenis en bekering van sonde

God is almagtig en regverdig, maar Hy is ook genadig, liefdevol en warmhartig!  Jy kan en jy moet na hom toe gaan en draai om deel te hê aan Sy beloftes.


LIEFDE
GENADE
MEEGEVOEL
GETROU

In Daniël 9 gebruik Daniël 3 name van God in Sy gebed – Adonai (Hoog verhewe), Elohim (magtig) en Yahweh (persoonlik).

*Wat is die verskil tussen godsdiens en ‘n persoonlike verhouding met God?*

*Wat beteken die goedheid van God vir jou persoonlik?  Waar het jy al God se goedheid in jou lewe opnuut beleef?*

Wanneer jy God se goedheid en karakter besef, dan is daar net een ding wat jy kan en moet doen…

BEKEER!  KEER NA HOM… DRAAI NA HOM


GODSDIENS VS
VERHOUDING



- **Matteus 3:1-2**: 'In daardie tyd het Johannes die Doper in die woestyn van Judea begin preek en gesê: "*Bekeer julle*, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."

- **Matteus 4:17**: 'Van toe af het Jesus begin preek en gesê: "*Bekeer julle*, want die koninkryk van die hemel het naby gekom." '

*Wat is die verskil tussen belydenis en bekering vir jou?*

*Wat beteken dit persoonlik vir jou om te bekeer?*

*En hoe help Daniël se gebed jou om dit te doen?*

Bekeer is ‘n 180 grade draai in God se rigting.  Hy is naby, maar ons moet aanhoudend, dringend en radikaal aanhou soek, klop en na Hom toe kom.

Mag jy God op nuwe manière in jou gebedslewe en die Skrif ontdek en beleef en mag Hy en Sy wederkoms vir jou baie naby en persoonlik voel.


DRINGEND
AANHOUDEND
RADIKAAL



*GEBED:*

*Dankie Here dat U ons so geweldig liefhet dat ons met enige iets na U toe kan kom – hoe ontstellend of groot dit ookal mag wees.  En mag U nabyheid ons dryf tot 'n meer doelgerigte en dringende lewe.*

*ROMEINE 2:4-5*

*"God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en Geduld.  Sê dit vir jou niks nie?  Besef jy nie dat God jou deur Sy goedheid tot bekering wil lei nie?"*